WILLA COMBRINCK - PROFIEL

As mens Willa die eerste keer ontmoet, is dit haar stem wat mens veral opval. Sang en die voorlesing van materiaal is dan ook van haar groot voorliefdes wat sy veral benut by ‘n ouetehuis waar sy Vrydagmiddae die mense laat sing, en vir hul stories voorlees. Ook haar betrokkenheid by haar gemeente se uitreikbediening (spesifiek na die swart areas noord van Pretoria) en die voorbiddingsbediening is vir haar baie vervullend. Daarby is sy ‘n entoesiastiese leser. Haar sterk punt is goeie taalbeheer en die vermoë om inligting saam te vat en te struktureer, wat goed te pas kom in haar werk waar sy verantwoordelik is vir die seminaarmateriaal wat na die seminaargangers toe uitgaan. Sy stel ook die nuusbrief saam wat so drie maal ‘n jaar uitgestuur word, en is verantwoordelik vir die materiaal wat vir reklame gebruik word.